



RONDOM NUUS

54

AUGUST 2025

Ons Kompas DUTOIT STRATEGIE

Strategie is ons kompas—dit help ons om ons visie en doelwitte met fokus en vasberadenheid te bereik. By Dutoit is ons strategie prakties en meetbaar, gerig op volhoubare groei en wêreldklas diens. Ons fokus op uitnemende kliëntediens, topgehalte produkte, doeltreffende prosesse en doelgerigte mense. **Hierdie elemente werk saam om ons visie te verwesenlik: om dië voorkeur Suid-Afrikaanse produsent en verspreider van gehalte vrugte en groente te wees.**

Elke tree wat ons saam gee, bring ons nader aan 'n toekoms van uitnemendheid.
Kom ons bly gefokus, werk met oorgawe, en bou saam aan iets buitengewoon.
Die beste lê voor—en dit begin met ons gedeelte visie.

Hennie du Toit
CEO Dutoit

PURPOSE (WHY)

“Cultivating wellness, one harvest at a time.”

A continuous (improvement) process

1 Cultivating

To start from the beginning. **Grow, nurture and protect.**

2 Wellness

For consumers, shareholders, employees, the environment, our community and economy through **responsible practices & sustainable contributions.**

3 One harvest at a time

Be dedicated, efficient, accurate, positive and grateful **to ensure all links operate effectively** to achieve optimal outcomes and improvements.

Strategiese Doelwitte

Kliënte Fokus

Groei marktaandeel binne strategiese markgebiede.

Kwaliteit Fokus

Versnel konstante verbetering om topklas produkte te produseer.




Effektiwiteit Fokus

Dryf doelgerigte prosesse wat waarde optimaliseer.

Mense Fokus

Ontwikkel passievolle mense wat floreer binne 'n inspirerende kultuur.

Ons Visie:
Dié voorkeur Suid-Afrikaanse
produsent en verspreider van
topklas gehalte vrugte en groente
vir ons kliënte wêreldwyd!



Oes met Doel

LEEF ONS ROEPING IN OESSEISOEN

Die Dutoit manne het onlangs die geleentheid gehad om die vrouens in ons besigheid, en ook ons persoonlike lewens, te erken vir hul besondere bydrae tot ons besigheid, ons sosiale omgewing asook ons land, sy leierskap en sy ekonomie. Ons eer julle en dank julle vir elkeen se onbaatsugtige rol en bydrae tot die realisasie van ons Dutoit visie. Dankie dat jy ons waardes uiteleef en verkondig waar jy gaan. Dankie vir jou ambassadeurskap vir Dutoit. Dankie vir jou vroeg opstaan en laat gaan slaap; alles om seker te maak daar is genoeg in jou (en ook ons) huis. Ons waardeer dit opreg!

Die bestuurspan het tydens 'n onlangse strategie sessie die bydrae van ons mense en 'n positiewe kultuur erken. Ons wil dit koester en verder uitbou om sodoende 'n wen kultuur te behou waar ons almal saamwerk en bou aan 'n positiewe nalatenskap. Hou hierdie spasie dop aangesien 'n hernude fokus op mense nou bygevoeg is by ons kern fokusareas van Kwaliteit, Effektiwiteit en Kliënte/Verkope.

Stadig maar seker begin die dae effe langer word en hoewel dit vroeg in die oggend steeds lekker koud is, begin Moeder Natuur wakker raak met bome wat begin blom en bot. Ons besigheid was geseën met 'n baie goeie winter klimaat; goeie koue beteken goeie rus en goeie rus bring die belofte van mooi oeste.

En so begin ons weer saamwerk aan die nuwe oes se siklus vir ons bestaansrede ("purpose") ... "cultivating wellness, one harvest at a time!" Woorde wat nou deel raak van ons daaglikse spreektaal.

Ons is ook besig met die laaste verpakking en verkope van ons 2025 oes, waar ons geseën was met goeie markte en goeie kwaliteit, ten spyte van volumes wat effe laer as verwag, realiseer het.

“Mag elkeen van julle ook in gees en krag ontwaak uit die winter en voorspoedig wees in wat jy aanpak sodat ons ook daardeur vir ander tot seën kan wees.”

Willem Coetsee

Managing Director

2025 Witzenberg Prestige LANDBOUTOEKENNINGS

Baie geluk aan elke Dutoit werknemer wat aan die toekennings deelgeneem het.
Ons stap die pad met trots saam met julle!

'n Spesiale dankie aan al die plase wat só baie moeite gedoen het met hul
tafelversierings – die kreatiwiteit rondom die tema “Ons droom vir ons plaas en/of
gemeenskap” was inspirerend. Geluk aan ons drie weners in dié afdeling:

1. Donkerbos
2. Kromfontein
3. Vastrap



Kategorie Wennerg

ALGEMENE WERKER

1. Jonase Mapiloko (Welgemeen)
 2. Fundile Mvula (Vastrap)
 3. Angelo Pieters (De Keur Plaas)
-

DRYWERS

1. Jonathan Klaaste (Ceres Remhoogte)
 2. Thabo Motlomelo (La Vourere)
 3. Mthobeli Tyeku (Vastrap)
-

BESPROEIINGSPESIALIS

1. Kerneels Oncker (Rietfontein)
 2. Jason Baird (Bronaar)
 3. Ronny Mbusha (De Straadt)
-

TEGNIJSE OPERATEUR

1. Deanne Maart (Verdun)
 2. Maria Hanse (Donkerbos)
 3. Winston Pherlin Hartneck (Palmyra)
-

SOSIALE ONTWIKKELING

1. Jurine Joseph (Bronaar)
 2. Sue-Andra Swartz (Leeuwenfontein)
 3. Mawetsi Victoria Mbandaqayo (Paardekloof)
-

'n Reuse gelukwensing aan al ons kategorie wenners!

Die kompetisie was vanjaar uiters straf tussen die 134 deelnemers en met deelnemers wat werklik die beste van die landboubedryf verteenwoordig het.

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

1. Magdaleen Willemse (Nooitgedacht)
 2. Marshaline Mentoor (Doornkraal: Klein Begin)
 3. Nadene Pieterse (Goosen Boerdery)
-

VOORMAN/-VROU

1. Sibongilo Seko (La Vourere)
 2. Adrian Ockhuis (Langrivier)
 3. Samuel Khesa (Ceres Remhoogte)
-

JUNIOR BESTUUR


1. Anwill Moletsane (De Hoop)
 2. Luvo Mvinjelwa (Paardekloof)
 3. Nasileen Mouton (Doornkraal Agri)
-

MIDDELBESTUUR

1. Carmanita Snyders (Verdun Estates)
 2. Gustow Henry Greffrath (Waboomsberg)
 3. Gerrit Galant (Kromfontein)
-

Happy Women's Month

**HERE'S TO THE WOMEN WHO
CARE, HEAL, LEAD AND GROW.**



Koue Bokkeveld: Slawe Opstand

200 JAAR GELEDE: RIETVLEI & HOU DEN BEK

1653

Abraham van Batavia – eerste slaaf van Batavia, Indonesië. Van is gegee van die herkoms.

1658

250 slawe arriveer via Angola met 'n skip – Amersfoort.

1807

Engeland staak slawehandel.

1808

Eerste slawe opstand gelei deur Louis van Mauritius naby Kaapstad

1825

Tweede slawe opstand gelei deur Galant van de Kaap in die Koue Bokkeveld.
Rebelle het bestaan uit 13 mans.

2025

Gedenk – 200 jaar na slawe opstand.

Enkele gebeurtenisse/stories

Die eerste aanval was gedurende Februarie 1825 op Rietvlei. Barend Petrus van der Merwe (30) is gewond. Abel van de Kaap het vir hom gewerk.

Die tweede aanval was op Hou Den Bek. Waar Willem Niklaas van der Merwe (36) geskiet is. Galant van de Kaap het vir hom gewerk en was die leier van die rebelle.

Toespraak van Arno Galant (8ste geslag) –
Bewering dat die Galant familie is
afstammeling van Galant van de Kaap.

Galant Familie van Kromfontein: Jafta
Galant (Vader) en Susanna Galant (Moeder)
het 10 seuns en 6 dogters:

Seuns:

1. Willem

2. Nools

3. Andries

4. Jafta

5. Damon

6. Frikkie

7. Piet

8. Arrie

9. Josef (Voeltjie)

10. Hendrik

Dogters:

1. Sarah

2. Klara

3. Anna

4. Lea

5. Soes

6. Beltjie

Baie afstammeling van Jafta en Susanna
Galant is in die Koue Bokkeveld gevestig,
wat “diep” spore getrap het. Ons eer julle!

’n Poging is aangewend om ’n gedenk
monument op te rig by Koppieshoogte naby
De Kruis en Wadrif Plase.

Tema: “Heel to Grow”

Bronne:

- Ceres Togryers Museum
- Prof Hannes van der Merwe
- Arno Galant – De Keur

Jys du Toit

Paardekloof

DANKBAARHEID

Dit was 'n besige seisoen waarvoor ons baie dankbaar is. Met harde werk het die Paardekloof gemeenskap ook deelgeneem aan aktiwiteite soos Koor, Salve run Challenge en Landboutoekennings.

Op Sondag die 4de Mei het 24 Koorlede, oud en jonk van Paardekloof gemeenskap deelgeneem aan die Suidoosterfees Koorkompetisie 2025 by Artscape in die Kaap. Hulle het aan die Plaaskore, Gemengde koor kategorie deelgeneem en het uitstekend gevaar. Die koorlede het elke aand na werk geoefen en self aan die balans tussen verskillende stemgroepe gewerk.

Hulle het twee liedere gesing "Ujesu uya" en "Liefde red my". Die terugvoering was baie positief en het die lede geïnspireer om volgende jaar weer deel te neem. Die beoordelaars het hulle bedank vir 'n inspirerende uitvoering en het dit aansteeklik genoem.

Sondag, die 1ste Junie, het 40 Paardekloof lede deelgeneem aan die Slave Run Challenge 2025 in die Kaap. Ons het almal weggespring by die Stadsaal waar Nelson Mandela sy eerste publieke toespraak gemaak het na hy vrygelaat was uit die tronk in 1990.

Daar was 'n 10 km wedloop, waaraan 24 lede van Paardekloof deelgeneem het, asook 'n 21 km waaraan 5 lede van Paardekloof deelgeneem het. Dit was nie net werknemers wat deelgeneem het nie, maar ook kinders en pensioenarisse.

Al langs die roete kon deelnemers belangrike erfenislandmerke verbystek. Geordin Hill-Lewis, die burgermeester van Kaapstad, het voor die 21 km deelnemers weggespring het, 'n toespraak gemaak en verduidelik dat die "Slave Route Challenge" 'n waardering is vir ons geskiedenis want dit is waarvan ons kom en hoe Kaapstad ontstaan het.

In die Bo-Kaap tussen die helder gekleurde wonings het die roete 'n bult gehad van 'n hoogte profiel van 114m, maar wanneer jy die bult bo uit gekom het was almal bederf met heerlike vars tradisionele Koeksisters. Die 21km deelnemers van Paardekloof se beste tye was Lesao Tsepane 1:25:06, Unathi Signentu 1:44:25, Christo Pass 1:34:59 waarop ons baie trots is.

Paardekloof het deelgeneem aan die Landboutoekennings wat plaasgevind het die 31ste Julie. Ons het 7 werkers ingeskryf in verskillende kategorieë. Daar was wel ook 'n opdrag vir die versiering van ons tafel wat die Paardekloof gemeenskap se droom moes uitbeeld.

Die 7 deelnemers het besluit om 'n rugby stadium te bou vir hulle gemeenskap se rugbyveld. Sport is wat die gemeenskap besig hou oor naweke. Al die deelnemers moes gaan vir onderhoude waar almal goed gevaar het.

Nicola Dork &
Dean Baron





Skaapkraal

Uie se afskop 2025!

Met 'n warm April en Mei vanjaar, het ons uiesaad hierdie seisoen 'n geweldig vinnige wegtrek gehad. Alle saad was in die grond teen einde April en die ontkieming het belowend gelyk. Kwaliteit saad speel hier 'n uiters belangrike rol. Die goeie kondisies het ons in 'n posisie gesit waar die saailinge vinniger as normaal plantgereed sou wees.

Goeie beplanning was nodig om produksie areas so spoedig moontlik voor te berei om reg vir plant. Siektes en plaë was ook in die minderheid, die minder as gemiddelde reën in Julie het ook in ons guns getel. Skaapkraal produseer alle vroeë uie se saailinge vir Platkloof (55ha) en dan sy eie saailinge ook van 'n 100ha. Daar is ook addisionele saailinge vir die Koue Bokkeveld van ongeveer 50ha se bruin en soet uie.

Platkloof kon agv. die lekker warm toestande 10-14 dae vroeër plant as in die 2024-25 seisoen. Skaapkraal het reeds 14 Julie begin plant en die laaste saailinge op 1 Augustus. Dit is meer as drie weke vroeër as wat ons kon vermag in 'n uitdagende 2024 plantseisoen vir Dutoit en ander produsente in die Wes-Kaap.

Platkloof kon vanjaar reeds op 10 Junie afskop met die 2025/2026 uie seisoen en het klaar geplant teen 11 Julie wat beteken ons kon die uie in die optimale planttyd in die grond kry. Die uie groei mooi en ons kan uitkyk vir 'n goeie seisoen.

Skaapkraal het regtig 'n goeie wegtrek. Daar is feitlik geen nat kolle in vanjaar se rotasie teenoor verlede seisoen wat optimale kondisies skep op elke hektaar wat geplant word. Ons het reeds ons eerste onkruidodders in week 32 gespuit wat ongekend is agv. die vroeër plantdatum. Die wortelgroei is baie gesond en die rooi, asook soet uie, is reeds in sy vegetatiewe stadium. Min reën word voorspel vir die Swartland area in Augustus wat groeikondisies sal bevorder, maar soos ons ook weet kan die weer vinnig verander.

Ons glo met al die voorspoed sover in 2025 kan ons met opgewondenheid die seisoen aanpak, maar ook bewus bly van die deurlopende uitdagings van hierdie uitdagende gewas.

Johann Raal





Dutoit Vrugte

VEILIGHEIDSTANDAARDE

Ons is trots om te deel hoe een van ons kollegas, Adrian Mars uit eie beweging 'n waardevolle bydrae gemaak het tot ons veiligheidstandaarde. Adrian het die inisiatief geneem om 'n volledige veiligheidsvideo oor die gebruik van koelkamers te ontwikkel.

Hierdie projek het nie oornag gebeur nie – dit het baie tyd, moeite en deeglike beplanning geverg. Van die skryf van die inhoud en die beplanning van tonele, tot die praktiese verfilming en redigering, het Adrian met toewyding gewerk om seker te maak die boodskap is duidelik, akkuraat en relevant.

Die eindproduk is nie net hier by ons waardevol nie, maar word nou ook deur ander pakhuise tydens induksie gebruik om nuwe werknemers op te lei en veiligheid te bevorder. Dankie Attie vir jou toewyding, kreatiwiteit en die bereidwilligheid om 'n verskil te maak. Jou werk help om 'n veiliger werksomgewing vir almal te skep – en dit wys dat goeie idees en inisiatief 'n lang pad stap.

Le-Mare van Niekerk





Dutoit Groente

WOOLWORTHS SUPPLIERS

Willem Coetzee en Pieter du Toit het Dutoit verteenwoordig by 'n Woolworths supplier funksie.



Dutoit Oos-Kaap

ADMINISTRATIEWE ONTWIKKELINGSKURSUS

Gedurende Mei 2025 het die Nasionale Opleidingsinstituut 'n Administratiewe Ontwikkelingskursus aangebied vir Dutoit Agri Oos-Kaap personeel. Die kursus het daarop gefokus om die leerders met die nodige vaardighede toe te rus, sodat hulle hul take optimaal kan uitvoer.

Jolene Theron

Dutoit Innovation Hub

DAMVLAKKE

Ons is vanjaar geseënd met goeie Damvlakke. Die gemiddelde damvlakke vir Dutoit Agri Produksie Wes-Kaap staan tans op 85%. Alhoewel ons hierdie Winter tot op datum minder reën gekry het as die vorige winter, het ons goeie watervoorraad oordrag van die afgelope somer.

Daniel Havenga







AI TOOLS USAGE POLICY OVERVIEW

As we continue to embrace technology in our business, I'm pleased to share our new AI Usage Policy. This policy is an important step in ensuring we use Artificial Intelligence (AI) tools responsibly, ethically, and in line with Dutoit Agri's values.

Here's what you need to know:

- 1. AI is here to support our work, not replace us.
- 2. We're focused on responsible and ethical use—accuracy, fairness, and transparency are key.
- 3. AI can help us work smarter in areas like administration, reporting and automation.
- 4. We must respect data privacy and protect our information.
- 5. Only approved AI tools (like ChatGPT, Gemini, Co-Pilot) should be used.

Let's continue exploring AI as a tool for innovation while keeping our people and values at the heart of what we do.

Usage Policy

This policy outlines the acceptable use of Artificial Intelligence (AI) tools within Dutoit Agri, applying to all employees, contractors, and individuals using AI in any capacity. It aims to promote innovation and efficiency while ensuring responsible and ethical AI implementation.

Dutoit Agri recognizes that AI should enhance human work, not replace employees. AI usage must respect individual contributions, ensuring that employees' skills, expertise, and intellectual property remain valued and protected.

Dos and Don'ts

AI tools can boost efficiency, decision-making, and innovation in:

- 1. Agricultural Operations**
 - Crop monitoring & pest detection via drone/satellite imagery
 - Yield forecasting for better resource use
 - Supply chain optimization in food distribution
- 2. Business Insights**
 - Market trend analysis on pricing, demand & competitors
 - Customer support chatbots for queries & tracking
 - AI-driven marketing & sales personalization
- 3. Financial & Administrative**
 - Process automation (data entry, scheduling, documents)
 - Fraud detection & risk management
 - Compliance support (contracts, invoices, regulations)

AI tools must NOT be used for:

- Making critical business decisions without human oversight.
- Generating misleading, deceptive, or harmful content.
- Replacing human interaction where direct engagement is essential.
- Violating data privacy laws (e.g., POPIA) or misusing confidential company data.
- Any activities that could damage the reputation of Dutoit Agri.

Read More



Menslike Hulpbronne

DIE KRAG VAN WOORDE: KOMMUNIKASIE AS SLEUTEL TOT SPAN-SUKSES

Dutoit Agri het reeds lank terug besluit dat goeie mensebestuur en goeie kommunikasie van die belangrikste sleutels is van sukses. As voorbeeld hiervan die beskrywing hieronder in die diensvoordele boek met vereiste opleiding vir Produksie assistent.

Posvlak	Beskrywing
C174 – Peromnes posgraad 12	Moet voldoen aan die posbeskrywing van Produksie assistent en moet kursusse soos KID, Besigheidsbeginsels 1 en 2, Basiese beginsels van Deelnemende Bestuur (senior sessie) en vrugteverbouingskursus voltooi.

Die basiese beginsels verdoef soms met tyd en dan moet daar weer nuwe energie geskep word en vaardighede weer opgeskerp word.

Die KID(Kursus in interpersoonlike doeltreffendheid) -program is nie nuut nie; dit is reeds meer as 35 jaar gelede opgestel deur Adrie de Bod en Gerome Gardner, en dit het die toets van die tyd deurstaan. Navorsing toon dat sowat 60% van 'n bestuurder se werk kommunikasie behels. Dis dus geen verrassing dat dié opleiding juis fokus op die vaardigheid om met mense betekenisvol te kommunikeer – of dit nou met ondergeskiktes, kollegas of selfs in die gesin is.

Die kursus bestaan uit 'n kombinasie van vooraf evaluasies, groepsessies en praktiese opdragte. Deelnemers is uitgedaag om hul natuurlike kommunikasie- en bestuurstyl te verstaan, nuwe gereedskap te toets en dit in die werkplek toe te pas. Die groot waarde lê daarin dat dit in groepsverband plaasvind – kollegas leer mekaar beter ken, oefen om saam struikelblokke aan te spreek en bou só vertroue én samewerking.


Vastrap het 'n nuwe span en het besluit om die KID program op die Landgoed te implementeer. In lyn met Dutoit Agri se siening van die verlede. Vastrap se strategie was om die kursus van bo na onder te implementeer, sodat bestuur die proses kan ondersteun en afrigting kan gee regdeur die landgoed. Dit maak dit veel meer as net opleiding: dit is ook spanbou.

Die terugvoer van deelnemers by Vastrap bevestig dit. Thea Mouton sê KID het haar geleer om proaktief te dink en as span aanspreeklikheid te aanvaar. Johannes Burger beklemtoon hoe dit die span se band versterk het en hom bewus gemaak het van aanhoudende verbetering – daardie klein stappies wat jaar ná jaar groot verskil maak. Vir Matilda de Villiers het die kursus waarde gehad selfs buite die werkplek: sy voel nou meer selfversekerd in konfrontasie, en die vaardighede is toepasbaar in alle verhoudings.

Uiteindelik kom die boodskap duidelik deur: kommunikasie is nie bloot 'n sagte vaardigheid nie, maar 'n kernfaktor vir produktiwiteit, vertroue en leierskap. Soos Johannes dit stel: ook 'n bestuurder het soms nodig om te hoor “wel gedaan!” – erkenning en openlike gesprekke dra net soveel by tot 'n gesonde span as tegniese kundigheid. Met die KID-kursus as inspuiting van nuwe energie bevestig Vastrap en Dutoit Agri hul verbintenis tot mense en die krag van gesonde spanne.

Dis 'n voorbeeld wat wys: as ons kommunikasie ernstig opneem, wen almal – die individu, die span en die besigheid. Die vraag is of jy en jou span al ge-KID is om so bydrae te lewer tot sukses.





AANSTELLINGS



**KYLE
LOOTS**

Produksiebestuurder: Sneeuwkop



**JOHAN
BLOM**

*Operations Manager: Dutoit
Groente*



**LINDA
SELBY DYASI**

*Verkoelingstegnikus: Dutoit Vrugte
(Verpakking)*



**DULLON
DE BRUIN**

*Lynbestuurder: Dutoit Vrugte
(Verpakking)*



**RAYMOND
HARTMAN**

*Financial Accountant: Dutoit
Vrugte (Bemarking)*



**WYNAND
SMIT**

*Marketing Manager: Dutoit Vrugte
(Bemarking)*



**CORNÉ
JOHNSTON**

Produksie Assistent: Jagersbos



**JADE
KRITZINGER**

*Werkswinkelbestuurder:
Sneeuwkop*



**JACQUES
MALAN**

*Plaasbestuurder: Oos-Kaap
(Klipdrif)*



**JAN-RAS VAN
DER LINDE**

*Marketing Manager: Dutoit Vrugte
(Bemarking)*



**MAGDALEEN
HATTINGH**

Product Development: Tegnies

AFTREDES

Na jare van toegewyde diens neem ons afskeid van David Slinger wat vir baie lank die stuur in ons versendingsafdeling vasgehou het. Hy het sy werk met sorg, orde en presisie gedoen. David, of 'Dappie' soos ons hom geken het, was bekend vir sy lojaliteit aan die maatskappy, sy rustigheid onder druk, en sy geduld in elke situasie. Hierdie eienskappe het hom nie net 'n betroubare kollega gemaak nie, maar ook 'n groot voorbeeld vir ons almal. Sy Christenskap het duidelik gestraal deur die manier waarop hy ander met respek en nederigheid behandel het.

Hy was altyd bereid om 'n helpende hand te bied en het 'n rustige, stabiele teenwoordigheid in die werksplek gebring. Ons gaan sy vriendelike geselskap en kalm invloed baie mis, maar ons wens hom 'n geseënde en vervullende aftrede toe. Dankie David, vir jou jare van harde werk, toewyding en die positiewe impak wat jy op ons almal gehad het.




**DAVID
SLINGER**

Ons groet Sneeuwkop na 20 jaar, met 'n trots en dankbaarheid vir die klein deel wat ons tot die groter Dutoit kon bydra. Ons het baie veranderinge gesien, baie geleer en gegroei in 'n omgewing waar daar elke jaar gestreef is om beter te doen.

In die werkswinkel was dit vir Jakes 'n konstante uitdaging om die masjienerie in 'n goeie, betroubare toestand te hou en ook lekker om veranderinge aan te bring om alles soos 'n goed geoliede masjien te laat funksioneer.

In die kantoor het ons van handgeskrewe loonkaarte en stukwerkpapiere wat met die hand voltooi was (en soms sopnat gereën van die land af gekom het) gegaan na betroubare elektroniese sisteme wat deesdae gebruik word. Ons het geleer dat 'n span wat saamwerk die beste resep is vir sukses. Soveel mense het oor die jare vir ons baie beteken en ons kon van almal iets leer. Van die werkswinkel personeel en ons gereelde stukwerkers waarmee ons lief en leed kon deel tot bestuur wat daagliks die uitdagings en ook die goeie tye saam kon hanteer. Ons verlaat die jong, nuwe bestuursspan op Sneeuwkop met die wete dat hulle ook elke jaar met sy unieke uitdagings positief sal aanpak en die sukses van harde werk sal ervaar. Ons verruil die pragtige Cederberg rotsformasies vir ons afteehuis in Langebaan en beplan reeds 'n paar "road trips" om die res van ons pragtige land te verken.

Jakes & Bets Mostert



**JAKES & BETS
MOSTERT**

Freddie en Gerda het in 2001 op Sneeuwkop aangekom, waar hulle vir bykans 24 jaar deel van die lief en leed van Sneeuwkop was. Voor dit was hulle eers op Paardekloof, waar Freddie as produksiebestuurder gewerk het. Hulle was vir bykans 40 jaar deel van die Dutoit groep. Freddie en Gerda het hulle kinders op Sneeuwkop sien grootword en ook die plaas sien uitbrei tot waar dit vandag is. As Landgoed-bestuurder het Freddie 'n baie ferm hand op die besigheid gehou, en niks as toevallig afgemaak nie. Hy was baie presies in dit wat hy gedoen het en het nooit sonder die feite in 'n gesprek gegaan nie. Mense het met gesag geluister as hy gepraat het. Hy was 'n uitstekende boer en het menigde produksie bestuurder gementor tot volwaardige boere.

Gerda het as winkelbestuurder die plaaswinkel bestuur en ook later deel van die admin personeel van die plaas geword. Sy was altyd die ondersteuning wat Freddie nodig gehad het en baie nou saam met die boerdery geleef. Freddie is op 8 Februarie 2025, oorlede, waarna Gerda nog gewerk het tot haar aftrede op 30 April 2025. Freddie en Gerda laat groot leemtes op Sneeuwkop agter waar diep spore getrap was. Ons gaan hulle baie mis.

Nico van der Westhuizen



**FREDDIE & GERDA
EKSTEEN**

Mandela Dag Bring an Extra Lunch Initiative

Baie dankie aan almal wat hierdie jaar bygedra het tot ons tweede Mandela Dag inisiatief waar ons jaarliks saamspan om 'n positiewe verskil in ander se lewens te maak.

Ons het laas jaar se syfers oortref en die voorreg gehad om hierdie jaar 943 kospakkies aan die leerlinge van Nduli Primary te gaan uitdeel. Dit sluit die ander inisiatiewe, waar daar op sommige plase kos aan bejaardes uitgedeel is, uit.

Bogenoemde is 'n uitstekende voorbeeld van die uitleef van ons waardes; intern en ook ekstern van Dutoit. Kom ons bou volgende jaar hierop voort!

Nogmals dankie aan elkeen wat betrokke was!

Willem Coetzer



Gesondheidswerkers

OOS-KAAP GESONDHEIDSWERKER VAN DIE MAAND

Die gezondheidswerkers het erkenning ontvang vir hulle toegewydheid en trots waarmee hulle hul take uitgevoer het. Hulle het hulle take met toewyding en integriteit aangepak, om 'n positiewe bydrae en verskil te maak in hulle afdelings.



APRIL



Shantelle Mathews

Misgund
Pakstoor



MEI



Bianca Jantjes

Koukamma
Pakstoor Nagskof



JUNIE



Jacobus Bambi

Jagersbos

Julie: Gedurende Julie was daar nie 'n wenner aangewys nie, aangesien dit grotendeels vakansie was.

Junie by Dutoit

WÊRELD- GESONDHEIDSMAND VIR MANS

Die Bestuurders van Dutoit Agri Oos-Kaap het met Wêreld-gesondheidsmaand vir mans, 'n Rolbaldag gehou. Sr Melanie Oberholster het die dag begin met 'n inligtingsessie oor gezondheidstoestande. Sy het ook klem gelê op die belangrikheid van voorkomende sorg wat gereelde mediese ondersoeke insluit.

Die Bestuurders het dié dag met groot geesdrif aangepak. Hulle is in ses spanne ingedeel, naamlik Kissabel, Cripps Red, Gala, Envy, Kanzi en Top Red. Die spanne het meegeding vir die titel om as weners van die dag uit te tree.

Baie geluk aan die Cripps Red wat as die weners van die dag uitgetree het. Die span het bestaan uit Johan Kotze, Gerhard Johnston, Eddie Sevenoaks en Jacques Malan.

Die Gesondheidswerkers het ook die geleentheid gebruik om met praatjies in hulle Afdelings, die mans bewus te maak oor liggaamlike en geestelike gesondheid, asook die belangrikheid van voorkomende sorg vir hulle liggaam en gees.





KARALIE KAROOLS BEWAARSKOOL: OOS-KAAP

Die personeel en kinders by Karalie Karools Bewaarskool het Mandela Dag gevier deur die Nelson Mandela roos te plant.

Die kindertjies het met bewondering geluister na die lewe en nalatingskap van Nelson Mandela. Hulle het met groot opgewondenheid gehelp om die Nelson Mandela roos te plant.



Goedgedink Nasorg

TANDFONTEIN HET DIE HERBERG KINDERHUIS BESOEK TE ROBERTSON

Twaalf leerders het deelgeneem aan die besoek aan die Herberg kindershuis. Die doel was om ons leerders bewus te maak van minderbevoorregte kinders. Hulle het braaivleis en slaaie uitgedeel aan die kinders waarna elke kind 'n bordjie middagete kon geniet van die Herberg Kinderhuis.

Die bejaardes van Tandfontein was so gaaf om vir Goedgedink Nasorg te help met die voorbereiding van die kospakkies en die braai van die vleis. Prinsipaal Suerelde de Klerk het vir elke pensioenaris 'n eetbordjie gaan afsit om dankie te sê vir hulle bydrae en hulpvaardigheid.

Die dag was spesifiek gerig as 'n leersame uitstappie vir ons leerders waar elke kind iets kon leer vanaf die Mandela dag projek.



Goedgedink Nasorg

TANDFONTEIN AARDEPROJEK

Goedgedink Nasorg op Tandfontein het op 25 April aan die Aardedag Omgewingsprojek deelgeneem. Die Tandfontein jeug is die toekoms en wil graag 'n blywende verskil maak.

Sarietta de Waal (Goedgedink bewaar-skool en nasorg) saam met haar span wil elkeen bedank vir hul bereidwilligheid om te help. " Dankie aan ons borge wat die leersame dag vir die plaaskinders moontlik gemaak het: Tandfontein groente se bestuur vir die vervoer van 45 nasorgkinders en 6 opvoeders, Coca Cola, Raimondi's, Belmont Spar, Witzenberg munisipaliteit, Sasko Worcester, Redira Clothing Worcester en Kaap Agri Op-die-Berg. Sonder julle hulp en ondersteuning sou ons nie aan so 'n suksesvolle dag kon deelgeneem het nie".



Woelwater Nasorg

PAARDEKLOOF

Die 22ste Mei, het Woelwaters Nasorg deelgeneem aan die vallei se Eisteddfod. Ons het 7 leerlinge van Graad 4 tot Graad 6 ingeskryf . Vier van die leerders het Cum Laude gekry, twee leerders het Goud+ gekry en 1 leerder het Goud gekry.

Ons onderwysers is vreeslik trots op ons leerders wat so mooi gepraat het. Juffrou Ansie sê sy kon sien hoe bou dit die kinders se selfvertroue om voor vreemde mense te praat. Hulle leer Afrikaanse gedigte wat nie almal se eerste taal is nie. Ons is dankbaar vir die geleentheid vir ons kinders om aan sulke kultuur geleenthede deel te kan neem.







Dutoit Communication

WHATSAPP & SMS

If you do not receive any WhatAspp or SMS communication from Dutoit, please follow these steps:

- 1. Confirm that your department manager supplied your correct number to Dutoit HR (Magda Steyn).*
- 2. Save the Dutoit number on your contact list: +27 23 007 5804.*
- 3. Contact Runei Kotze (074 9685 168) if all the above has been done and you still did not receive communication.*
- 4. We ask that all the department heads motivate their staff to supply their correct numbers.*



Korrespondente:

Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras | Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk | Dutoit Groente: Florina Ismael | Dutoit Hout: Lucille Jacobs | Kromfontein: Chrisna du Toit | Lindeshof: Carlien Rossouw | Nooitgedacht: Lenchen Visser | Paardekloof: Nicola Dark | Vastrap: Matilda de Villiers | Sneeuwkop: Madeleine van der Westhuizen | Tandfontein: Saretta de Waal | Skaapkraal: An-Joh du Toit | Excelsior: Raesa Hoosen | Oos-Kaap: Jolene Theron | Crispy Farming: Jacques Visser | Dutoit Services: Surina Swanepoel | Bokkenfontein: Willem Reynolds | NOVO: Willem Joubert.

Redaksie:

Runei Kotze, Jacques Matthee, Mariette Le Roux & Lenchen Visser
Stuur alle kommentaar en versoeke na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

Redaksionele Beleid:

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.